



## Die HERE rondom sy volk

### Teks vir die preek:

*“Die wat op die HERE vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid.”*

**Psalm 125**

HJ Momberg

© 2011

[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

### Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Ps 132:5, 9
3. Wetslesing
4. Sing Ps 97:6-7
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 125
7. Preek
8. Sing Ps 125:1-3
9. Gebed
10. Kollekte
11. Sing Ps 125: 4-7
12. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

**God is vir sy gelowige verbondsvolk 'n ewige beskerming soos die berge rondom Jerusalem, en 'n volmaakte sekuriteit soos die berg Sion wat nie wankel nie.**

In die ou dae het die mense nie dieselfde luukse vervoer gehad soos ons vandag het met motors en vliegtuie, sodat jy binne 'n paar uur of wat groot afstande kon aflê om betyds by jou bestemming te kon wees vir 'n afspraak nie. Hulle het te voet of met pakkdiere vir baie dae lank moes reis en dan vir meer as een dag by hulle bestemming oorgebly. So het die Israeliete destyds na Jerusalem toe gereis vir die feeste wat die HERE ingestel het. Dit is dan ook uit die belewinge wat hulle op hierdie reise wederveraar het, dat daar 'n hele bundeltjie Psalms ontstaan het en in die Psalmbundel as geheel opgeneem is. Dit word die Bedevaartsliedere genoem, waarvan ons nou een saam gelees het. Wat in daardie dae die reise nog soveel moeiliker gemaak het, was die feit dat die reisigers veel meer blootgestel was aan die gevare van rowerbendes en wilde diere, en veral dat daar 'n groot verdeling was tussen die noordelike tienstammeryk en die twee stamme van Juda en Benjamin wat rondom Jerusalem gesetel was. Die goddelose konings van die tienstammeryk het uit politieke afguns allerlei krom en verdraaide godsdienstryke ingevoer om die volk van die ingestelde diens van die HERE in Jerusalem te probeer weerhou. Vir die wat die ware godsdienstryke nog getrou wou onderhou, was dit dus 'n gevaarlike opgawe om gereeld vir die feeste na Jerusalem toe op te trek. En te midde van al hierdie verhinderings en gevare het dan die geïnspireerde bedevaartsliedere ontstaan. Die gelowiges het hulle reis na die HERE toe vasberade en al biddende aangepak.

Met Psalm 125 neem die bidder as vaste betroubare vertrekpunt en belydenis die belofte dat die wat op die HERE vertrou, so vas en onbeweeglik is, so stabiel is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid.

Dit is voorwaar 'n enorme belofte as ons in aanmerking neem hoe broos en wankelbaar die mens in homself is. Want so gou as wat die mens persoonlike sukses in sy of haar lewe ervaar, en die mens onder die indruk van sy eie belangrikheid en prestasies kom, verloor hy so maklik die besef van sy afhanklikheid van God en begin op homself en op sy eie uitvindings vertrou. Die mens se soeke en strewe na vastigheid word so maklik na

aardse en tydelike dinge toe afgetrek. Sommige neem hulle toevlug tot die politieke sekuriteite van maghebbers wat voorhou dat hulle met hulle sisteme en planne die veiligheid en stabiliteit van die mense kan waarborg. Ander neem weer hulle toevlug tot die mag van geld en rykdom. Dan dink hulle dat hulle hul vastigheid en sekuriteit, hulle gesondheid en geluk, hulle veiligheid en vryheid kan koop en beding. Nog ander weer wat alle hoop op magspel laat vaar het, neem dan maar hulle toevlug tot losbandigheid en die genot van die oomblik. Laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons. Maar hierdie liefde vir die wêreld en die dinge van die wêreld is al oor en oor bewys as valse sekuriteit. 'n Gejaag na wind. Gewaarborgde teleurstelling. Iewers word daardie mooi en aantreklike dinge weggeneem. My liggaamlike vermoëns ingeperk, my vryheid aan bande gelê, my gesondheid aangetas, my vriende afgesny, my mag weggeneem en eindelijk ook hierdie lewe self. Dan sterf ek weer naak en arm soos ek gebore is.

Hierteenoor staan die belofte van God se ewige sekuriteit, 'n enigste troos, na liggaam en siel, in lewe en in sterwe. Egte verlossing, egte lewensvervulling, egte lewensin en betekenis: dat ek nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus toebehoort.

So bely ons dit saam in Psalm 125:1. Die wat op die Verbondsgod vertrou, vertrou op die Onwankelbare, en is daarom self onwankelbaar.

Die gelowige pelgrimsreisiger druk hierdie belydenis uit met die beelde en vergelykings uit die omgewing waarbinne hy reis sodra hy die stadsgebied van Jerusalem bereik. Die Sionsheuvel wat in die verte uittoon, berge en heuwels wat daar rondom geleë is, en die toegangspaaie wat daarnatoe lei – en die krom afdraaipaaie.

Die belydenis begin met hierdie gelykenistaal by vers 1 en word voltooi met vers 5. Die wat op die HERE vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid.... Maar die wat langs krom paaie wegdraai, sal die HERE laat vergaan saam met die werkers van ongeregtigheid.

Dit is 'n belewenis wat reisigers altyd weer aangryp, wanneer hulle telkens by dieselfde groot bakens verbygaan. Veral wanneer hulle langs berge verbygaan. Dit is deur die HERE so met sy vingers toeberei... en so bly dit daar staan vir eeue en eeue. Veral as ons hier saam met die Psalmis die geestesoog op die berg Sion rig. Daar het die HERE sy

woning op aarde laat afbeeld. Waar die HERE woon, is dit stabiel en onwankelbaar. En die swakke mensies wat hulle verwagtinge op die HERE stel, is daar by Hom op die berg Sion geanker. Hulle hoop is nie net op hierdie verganklike lewe nie. Hulle oog is gerig op die ewigheid. Dit is ook juis met hierdie ewigheidstaal dat die gelowige dit regkry om nie net teen die tempelheuvel van die aardse Jerusalem vas te kyk nie. Hy kyk nie net met sy liggaamlike oë nie. Selfs ook al lyk dit vir hom hoe heerlik en mooi. Eintlik is hy nie van sy liggaamlike oë afhanklik nie. Hy kyk met die geloofsoog. Hy kyk met die vaste hoop op die dinge wat hy nie nou kan sien nie. Hy kyk met die ewigheidsperspektief. Hy sien 'n stad met fundamente waarvan God self die Boumeester en Oprigter is. Hy sien die hemelse Jerusalem. Die aardse Jerusalem is beslis nie so onwankelbaar nie. Dit weet ons goed. Die stad sowel as die tempelheuvel is al verskeie male in die geskiedenis in puin gelê. Hierdie Psalm is dus beslis nie 'n belydenis wat aan oppervlakte-visie ly nie. Dit het nie gaan vashaak by ons huidige bestaan nie, en is nie beperk tot die valsheid van die sogenaamde voorspoedgodsdienst van ons tyd nie, nee, dit kyk deur hierdie aardse vergesigte heen, dit kyk selfs deur die graf heen, en verbly hom in die ewigheidslig wat bo alle tye uittoon. By herhaling blyk dit in vers 1 en vers 2. Die onwankelbaarheid van die HERE se koningskap oor sy volk is 'n ewige onwankelbaarheid.

Die HERE het self voorsorgmaatreëls vir sy vaste woninge en vir sy kerkvolk se veilige tuiskoms getref. Die Psalmdigter kyk na God se algemene openbaring in die skepping, en daaruit trek Hy troosryke gevolgtrekkings soos die Gees hom inspireer. God het vir hom troosryke openbaring in die skepping verpak. Want rondom Jerusalem is berge. Jerusalem is deur Dawid wat onder andere deur die siener Samuel en die profeet Natan in die Skrifte onderrig is, as 'n strategiese baken en as setel uitgekies juis omdat dit al destyds in die dae van Abraham en koning Melgisedek deur berge omring was. Want soos wat die berge rondom Jerusalem gerangskik is, dien dit as 'n omvouing en beskerming vir die stad. Vyande kon as't ware slegs deur die enkele poorte tussen die berge deur gemaklike toegang tot die stad verkry. Maar die berge en koppe dien as't ware as 'n beskermende skild vir die stad. En soos wat berge natuurkundig enigsins relatief onskuifbaar is, so laat dit die gelowige pelgrimsreisiger die vergelyking sien: God is 'n ewige beskermende skild vir sy volk. Hierin kom dus die troosryke verbondsbelofte wat Hy al destyds aan Abraham gemaak het weer na vore. En die Psalmdigter gryp dit in die geloof vas.

Dan dink ons aan ons voorgangers, ons verbondsvaders en verbondsmoeders wat met hierdie selfde belydenis deur hulle lewe aan die HERE vasgehou het, en in die Here

ontslaap het, en in sy heerlikheid opgeneem is. Ons dink ook aan ons verbondsmoeder, tante Winsje, wat deur haar hele lewe, met sy moeitevolle oomblikke, selfs in die laaste aantal jare gestrem en ingeperk, steeds vas vertrouend, steeds in die geestesoog, steeds sterker en inniger op die HERE vertrou het. 'n Vrou met die bedevaartslid in die hart. Die geheim vir die voortbestaan van die kerk in die opkomende geslagte. Moenie dat die tydelike opflikkering van 'n suksesvolle jong lewe ons sinne benewel nie. Die ware lewe is dieper, groter, heerliker as die opflikkering van 'n menseleef tyd van 70, 80, of selfs 92 jaar. Wie in al hierdie dinge aan die HERE vasgryp, kan ook wel swaar tye beleef, en selfs ernstig aan bande gelê word, maar steeds die blydschap van die ewige lewe besit.

Die septer van goddeloosheid sal nie rus op die erfdeel van die regverdiges nie. Dit bedoel: dat die magte en kragte wat in hierdie lewe nie die koningskap van Christus wil erken nie, nie die verbond van die HERE uitleef nie, maar 'n baie beperkte invloed kan hê op die ewige bevryding wat God self in Christus vir sy kinders bestem het. Die sukses van mense wat buite Christus om oor ons wil heers, is uiters beperk. Die HERE gee self die uitkoms. Hy gee self die aanbiddingsvryheid. Ook al sit ek in die gevangenis weens die evangelie. Ook al word die noordelike tienstammeryk deur goddelose maatreëls verhinder om na Jerusalem toe te gaan, daardie septer sal nie bestendig rus op die erfdeel van die regverdiges nie. Want die regverdiges ontvang hulle geregtigheid van 'n ander Septer... die Septer van die Seun van God, die septer van die Prins van Vrede en geregtigheid. Hy het sy volk se onreg met sy kosbare bloed bedek, en deur sy Gees het Hy by sy volk kom woning maak. Hy regeer ons deur sy Woord en sy Gees, en daarom is daar by gelowiges die brandende harte, die blye verwagting, die vaste voorneme en die gewillige hande wat hulle van onreg weerhou. En die HERE seën so 'n lewe. Hy seën dit met mates wat nie in geld afgeweeg kan word nie. Hy doen goed in die lewe van die gelowige. Want om in guns met die wysheid van die HERE te lewe, dit is goed. Want die Here maak so iemand se hart suiwer. Hy maak so een se hart opreg. Daar is geen verskuilde agendas nie, daar is nie krom afdraaipaaie in so een se hart nie. So 'n geseënde lewe dien ook tot 'n uitgebreide seën vir almal wat haar aanhoor, vir almal wat haar versorg, vir almal wat haar besoek, vir almal wat deur haar vertroos word, vir almal wat deur haar vermaan word, vir almal wat in haar gebede gedra word.

Maar vir die goddelose bly daar stellig net wind oor... geen troos nie, alleen angsk en verskrikking. Want 'n goddelose is snaaks genoeg nie 'n vreemdeling nie. 'n Goddelose is altyd iemand hier onder ons. Iemand selfs baie naby aan ons, iemand wat die pad van die

geloof baie goed ken. Iemand wat selfs vir 'n lang tyd die gebaande weë na die HERE saam met ons stap, maar dan die eiesinnige en rampspoedige gewoonte kry om langs krom paaie af te draai. Hulle raak die pad byster omdat hulle hart verdeel is. Mens kan nie God en Mammon dien nie. Jy kan nie God en Baäl dien nie. So 'n mens en sy lewe sal vergaan. Hulle word getel by die werkers van ongeregtigheid. Hulle het dus dieselfde bestemming as die kinders van die Satan.

Met hierdie tweesnydende belydenis van God se Verbond is ons almal op pad, geliefdes. Die wat op die HERE vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie, maar bly tot in ewigheid, maar die wat langs krom paaie wegdraai, sal die HERE laat vergaan saam met die werkers van ongeregtigheid.

Dan bly daar in die biddende hart van die gelowige die pleitgebed oor, 'n pleitgebed vir die wat in al die opkomende geslagte die kerkvolk van die HERE sal wees. 'n Gebed wat as 'n testament kan dien, 'n kosbare nalatenskap wat ons ook so dikwels as 'n versugting gehoor het van ons geliefde moeder en grootmoeder.

'n Gebed van vrede vir al haar kinders en kleinkinders en agterkleinkinders. 'n Gebed van vrede vir die kerk van die HERE. Vrede oor Israel! En dit is uiteraard kosbaar omdat dit gekom het van iemand wat vir ons almal geliefd was, maar dit is uitnemend troosryk, ewiglik troosryk, omdat dit lank tevore al as 'n toesegging gekom het uit die mond van ons Here Jesus self in Johannes 14: 27: "Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle. Nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie." Vrede vir Israel!

Amen.